### *Die einde van Johannes die Doper*

**82** Kort gelede het die knegte, wat die belasting vir die viervors Herodes opgaar, berig aan Herodes gebring oor die gerugte oor U en U dade *(Matthéüs. 14:1)*. Hulle vertel vir hom hoe U hulle by die belastingafpersing op die vlug gejaag het, en dat hy beslis niks teen U mag sal kan doen nie. Daarop roep Herodes dadelik sy waarsêer. Maar hierdie een, `n skerpsinnige kalant en tewens heimlik `n leerling van Johannes, wat deur Herodes vermoor is en wat hierdie profeet nie kon vergewe nie, sien hier is geleentheid om direk wraak op Herodes te neem en verklaar aan hom sonder om te blik of te bloos: 'Dit is Johannes wat uit die dood opgestaan het en u nou met sulke dade dwarsboom!'

[2] Herodes skrik daaroor en kom bewend na sy knegte terug en sê vir hulle: 'Is dit nie die timmerman JaHshua nie, want die ken ek omdat hy nouliks vyf jaar gelede met sy vader Josef `n nuwe troon vir my gemaak het en by hom gewerk het as kunstige timmerman met behoorlike vaardigheid, hoewel hy hom verder heel eenvoudig voorgedoen het. Dit is regtig Johannes wat ek laat onthoof het. Hy het egter uit die dood opgestaan en doen nou as `n onverwoesbare gees dinge teen my, wat geen mens andersins sal kan doen nie. *(Matthéüs. 14:2)* Daarom moet julle niks meer teen hom onderneem nie, want dit sal vir julle en vir my die grootste onheil kan bring!'

[3] Met hierdie verklaring het die knegte se oë gerek en hulle het verbouereerd weggegaan, want hulle het self geweet dat U nie Johannes is nie - maar hulle durf die opgewonde Herodes nie teenpraat nie.

[4] Toe die owerste ons dit vertel het, vra ons hom wat gebeur het met die moord van Johannes. Want ons het wel geweet dat Herodes hom in die gevangenis gewerp het, maar dat hy hom ook laat vermoor het, daarvan het ons nog niks geweet nie. Toe vertel die owerste ons kortliks: Herodes was in die begin self - weliswaar baie swak - `n aanhanger van Johannes en het hom op `n besondere wyse waardeer. Hy het hom daarom na sy hof geneem en wou van hom die geheime wysheid leer. Omdat hy daarnaas egter nie die slegte liefde vir Herodias, die vrou van sy broer Filippus, wou opgee nie *(Matthéüs. 14:3),* wen Johannes hom op en sê ernstig aan Herodes: 'Dit is nie geoorloof vir Elohim en u broer, dat u haar kry nie! *(Matthéüs. 14:4)* Want daar staan geskryf: Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie!' Toe word die trotse Herodes kwaad, laat Johannes in `n gevangenis werp en wou hom ook dadelik laat doodmaak, was dit nie dat hy die volk so gevrees het, wat Johannes as `n profeet beskou het nie. *(Matthéüs. 14:5)*

[5] Maar `n paar dae daarna vier Herodes sy verjaardag. Op die dag dans die mooie dogter van Herodias vir hom en sy hoë gaste, wat Herodes baie goed behaag het. *(Matthéüs. 14:6)* Hy beloof daarom die skone danseres met `n eed dat hy haar sou gee wat sy van hom sou vra. *(Matthéüs. 14:7)* Die dogter gaan egter eerste na haar moeder, wat teen Johannes wraak gesweer het omdat hy haar Herodes wou afrokkel, en die moeder bewerk haar dogter so dat sy die hoof van Johannes sou vra.

[6] Toe kom die dogter en sê vir Herodes: 'Gee my die hoof van Johannes op `n goue skottel!*(Matthéüs. 14:8)'.* Die koning vind dit tog wel jammer, nie so veel vir Johannes nie, maar baie meer vanweë die volk, wat hy gevrees het sou wraak neem op hom. Maar ter wille van die eed en hulle wat met hom aan tafel gesit het, gee hy sy knegte opdrag om aan die dogter die verlangde prys te gee. *(Matthéüs. 14:9)* En die knegte gaan heen, onthoof Johannes toe in die gevangenis *(Matthéüs. 14:10)* nadat hulle vooraf met `n voorwendsel etlike leerlinge van hom weggestuur het, en dra toe sy hoof op `n skottel die eetsaal in om dit aan die dogter te oorhandig, en sy gee dit daarna aan haar slegte moeder. *(Matthéüs. 14:11)*

[7] Toe kom sy leerlinge weer terug en vind tot hul groot skrik en leedwese die lyk van Johannes. Hulle neem die lyk, dra dit na buite en begrawe dit *(Matthéüs. 14:12)* ten aanskoue van talle duisende, wat huil en Herodes en sy hele huis onder tallose vloeke begrawe. Herodias moes egter by die aanblik van die hoof van Johannes oombliklik met `n vreeslik vertrekte gesig dood neergeval het en haar dogter enige oomblikke later ook. Herodes en al sy gaste het heeltemal verward die saal uitgevlug.

[8] Meester, dit is woordeliks die treurige geskied-enis van Johannes, wat gedoop het in die rivier van die Jordaan nie ver van die woesteny by Betabára nie, waar hierdie rivier in die see invloei, en hom vervolgens na die Dooie See wend. - Wat sê U nou daarvan? Is dit dan moontlik dat mense sulke duiwels kan word, en dit nog in `n tyd wat U, aan Wie hemel en aarde gehoorsaam is, Self as mens op aarde rondgaan? Het U dan geen bliksems en geen donder meer oor nie?"

[9] Toe kom **Cyrenius en Cornelius** na My toe en sê woedend: "Meester, die gevaar dreig! Nou kan ons nie meer op U groot geduld en lankmoedigheid wag nie, hier moet oombliklik gehandel word! Binne uiters tien dae moet die hele helse gebroedsel saam met Jerusalem en die tempel van die aarde af verdelg word!"

[10] **Ek** sê: "Kyk hier, hierdie twee jongmanne is voldoende om in één oomblik alles te doen, wat die hele die Romeinse mag in `n honderd jaar nie mee sou geslaag het nie! As dit alles nie volgens die orde van Elohim moes gebeur het nie, glo dan maar dat dit vir My baie maklik sou wees om hulle almal in `n oogwink te vernietig! **Maar die ergste moet nog gebeur ter wille van die vorming van `n nuwe hemel en `n nuwe aarde.**

[11] Maar maak nou dat julle hier wegkom, want hierdie nuwe owerste is `n slegte mens, en die satan toon hom duisend weë waarop hy julle goed sou kon skaad; sorg daarom dat julle verder gaan!

[12] Ook Ek sal vandag hier weggaan en nie so gou weer na hierdie streek kom nie, want vir `n dol hond

moet die mens uit sy pad gaan! Dit is waar dat hy baie goud en silwer het, **want anders sou hy hierdie funksie nie kon gekoop het nie**. Met baie goud en silwer kan die mens in die wêreld by die wêreldse mense baie gedoen kry, en wie daarby ook nog so `n plek koop uit pure winsbejag- en heers-sugtigheid - soos wat hierdie een gedoen het - is beslis nie te vertrou nie. Maak julle daarom almal gereed en gaan hier weg, en Roban, gaan ook weer na jou huis, want tot nou toe het hulle jou nog nie gemis nie!"

[13] **Roban** sê: "Maar as ek oor U ondervra word, wat moet ek dan sê?"

[14] **Ek** sê: "Dit sal jou in die hart en in die mond gegee word!"

### *Die nuwe owerste van Násaret*

**83** Na hierdie woorde gaan Roban vinnig huistoe, en nouliks was hy tuis of daar kom `n bode aan wat hom vra om na die sinagoge te kom, waar die nuwe owerste met hom oor My wil praat, want hy het gehoor dat Roban by My in Sigar was. Roban gaan vinnig daarheen en die owerste trek dadelik fel teen hom te velde oor die leer.

[2] Maar **Roban** sê: "Ek is `n oudste van Násaret, ek is tussen sewentig en tagtig jaar oud en jy het nog nie eers dertig jaar lank geleef nie! Omdat jy jou met behulp van jou geld tot owerste oor ons gemaak het, is jy nog lank geen Moses en geen Aäron nie en jy sal my niks leer wat ek nie al geweet het lank vóórdat jy nog verwek was nie! Ons het ons amp altyd tot tevredenheid van jou waardige voorganger en die hele tempel beklee, alle verskynsels met die regte oë van nederige Judeërs aanskou en het daar damme gebou waar dit nodig was. Maar as jy dit beter kan doen en nou met één slag alle Grieke en Romeine in Judeërs wil verander, gaan dan maar so aan, dan staan ek daarvoor in dat jy, ons uitgereken, as enigste Judeër in die hele Galiléa gaan oorbly!

[3] Kyk, die belangrike gehug, Jesaïra, het om dieselfde redes heeltemal Grieks geword, en alle fariseërs, skrifgeleerdes en priesters het die plek moes verlaat! Gaan heen en begin dáár met so `n streng ondersoek, en die Jesaïrese sal jou iets daarop begin te vertel, wat sal maak dat jy beslis nie genoeg voete sal hê om so vinnig as moontlik daarvandaan weg te vlug nie! Maar waarom sou die Jesaïrese afvallig geraak het? Vanweë die oor-matige hebsugtige strengheid van die priesterstand aldaar, en nou volg hulle Pythagoras in plaas van Moses!

[4] En binnekort sal dit hier presies dieselfde gaan, en jy en ons almal sal dan op loop moet gaan! Wees daarom nie blind nie en sien die waarheid in!

[5] Die Romeine en die Grieke is die hoogste gesagsdraers van die staat, en hulle wil graag sien dat die Judeërs tot hulle leer oorgaan. Hoe sal jy so `n oorgang verhinder, veral noudat dit in die hele Galiléa oorbekend is dat alles wat met die tempel te make het, maar al te veel na `n leë dop lyk? En wie anders as die hebsugtige tempeldienaars self is daaraan skuldig, hulle wat vir geld ryk edelliede toelaat in die Allerheiligste, waarop diesulkes, ondanks alle ede, vervolgens laggend en onder baie spottery alles openbaar maak aan die volk?! Gaan en vra die inwoners van hierdie stad en dan sal hulle jou vertel wat ek jou vertel het!"

[6] **Die owerste** sê: "Wat vertel jy my nou? Weet die volk dit?"

[7] **Roban** sê: "Ja, die volk weet dit! Maar gaan self en laat hulle dit aan jou vertel!"

[8] **Die owerste** loop baie ernstig heen en weer in die sinagoge en sê na `n oomblik: "Daarin sal hierdie Nasareense profeet wel `n groot aandeel hê! Daarom moet met hom dieselfde gebeur wat koning Herodes met Johannes gedoen het!"

[9] **Roban** sê: "Ja, ja, probeer maar om jou aan die wonderdokter te vergryp, en die volk, Romeine, Grieke en Judeërs, wat hom as God vereer, sal jou dan ook wat weet te vertel! Ek as oudste van Násaret sê vir jou en gee vertroulik vir jou belangrike raad: Stap in die beskeie voetspore van jou waardige voorganger Jaïrus, dan sal dit nog `n geruime tyd goed gaan met jou. As jy egter, soos nou, al die boonstes onder en die onderstes bo wil bring, dan moet jy gou na `n geleentheid soek om na Jerusalem terug te keer! Jaïrus is self in Griekse hande. Borus is sy skoonseun, hy is die tweede wonderdokter en besit alle soorte skatte, hy sal jou maar al te gou vertel waarop dit neerkom! Kortom, probeer dit en sê my later maar eers of ek jou slegte raad gegee het!"

[10] **Die owerste** stamp van woede op die grond en sê: "Julle is almal nes duiwels en skyn meer van ons vyande te hou as van ons. Julle is aanhangers van die leer van die volksmisleier! Hiervoor sal ek julle almal uit die sinagoge verdryf, nuwe mense uit Jerusalem in julle plek aanstel en julle aan die gereg oorlewer! Daarom vra ek jou nog `n keer: Wat moes jy so dringend in Sigar by die Samaritane gaan doen?"

[11] **Roban** sê: "Ek is nege-en-sewentig en weet wat ek doen en moet doen! Jou dreigemente maak nie vir my, nóg iemand anders skrik nie; as jy ons egter aan die gereg wil oorlewer, dan kan jy dit probeer en dan sal ons wel sien wie daar ten slotte eerder deur die gereg gepak sal word - ons of jy!

[12] Gelukkig staan ons baie hoog aangeskrewe by die opperstadhouer, wat `n broer van keiser Augustus is en baie invloed in Rome het, en daarom sal hy ons helaas nie, soos wat jy dink, so maklik gevange neem nie! Die tempel het dit juis aan JaHshua, vir Wie hulle uit pure self- en heerssug haat, te danke, dat hulle nog nie deur die Romeine met die grond gelyk gemaak is nie!